



Kalaharisonsondergang

Kamermaatjie en Sumi raak dik vrinne. Sy wys Annabelle hoe mens blomsap en henna meng om patrone op jou vel en naels te teken. Neem haar na die agterstrate en wys haar net hoe groot 'n



verskeidenheid slaablaar mens in Suid Korea kan kry. Ons word tot genooi om te kom piekniek en braai by hul naweek huisie teen die heuwel net buite Geojongju. Daar gekom is die grondseiltjie klaar gespan en ons almal gaan grond toe.

Ons sit plat op ons alies en ek wens ek het harder probeer aan daardie joga lesse want die knieë wil maar net nie kruis en die lotus posisie opneem nie.

Soos ek voorheen verduidelik het, is dit 'n baie praktiese gewoonte want meeste Koreane eindig tog maar naby die grond op na genoeg glasies Soju. Ek neem toe maar die lêende boereoorlog-foto-houding op en steun my so op een elmboog op 'n slag.

Buurman Mr Ri, is uitgenooi om die braaiwerk te kom doen. Hy trek vir ons hoender en varkspek oor die kole wat ons dan saam met baie soorte blare en Soju afspoel. Een van die ander genooide gaste is 'n Sjinese onderwyseres Angel, wat ook Engels en Koreaans kan praat.

Met Angel as tolk het die ding sommer lekker vlot verloop.

Dit was toe ook daar waar ons meeste van ons daaropvolgende naweektoertjies beplan het. Ons noem so in die gesprek dat ons graag vir n slag ordentlik wil Susi eet. Soos dit in Japan gedoen word.

Almal stem toe saam daar is die beste Japanese eetplek in die stad XXXX net Noord van ons, wat ons eenvoudig sal móét besoek.

Vir ons volgende naweek af, bespreek ons toe sommer een aand binne in die hotel in Daegu, waarin die restaurant geleë is.




Hennie Greeff – Onrusrivier Noord

BRIEWE BUS



Linda, ek is seker daar is van ons lesers wat iemand in Alaska ken, ek sal my neef Dr Marius Conradie ook sommer vra om vir jou daar 'n Saner uit te snuffel wat met jou kan korrespondeer, hou duim vas ons terwyl ons klippe in hierdie bos bly gooi! - Hennie



Die enigste
lewende wese
vinniger as n
cheetah is n
karwag wat jou kar
hoor start en hy is
500m weg.





MAKERIEPAS!

Stories uit die Weermagdae

Men Stap op de Trein

Deur Piet Heyns

(of: Beroof in Amsterdam)

In 1985 het ek 'n kortkursus oor omgewingsimpakstudies in Amsterdam gedoen en die oggend nadat die kursus voltooi was, haal ek die 07:00 trein na Braunschweig in Duitsland om by 'n vriend te gaan kuier. Ek sit op 'n bank op die perron en wag vir die trein. Later merk ek op dat twee "skerminkels" – jong manne wat nie soos Hollanders lyk nie en ook nie enige bagasie by hulle het nie, so half doelloos rondom my sitplek rondhang. Toe die trein stop, staan ek op en klim op die trein, maar ek sien nie agter my dat twee manne saam met my opklim nie.

Ek het 'n sitplek in 'n kompartement bespreek en toe ek in die kompartement instap, sit ek my drasak op die bank neer en tel my koffer op om dit in die bagasierek te plaas. Op daardie oomblik stap die twee manne in die kompartement in en gaan sit terwyl ek die koffer wegpak. Toe die fluitjie blaas dat die trein gaan vertrek, staan die twee skielik op en voor ek my kon kry, gryp een my drasak. Uit is hulle by die kompartement en by die treinwa se deur uit tot op die perron. Ek hol agterna, maar die treindeur deur gaan voor my neus toe en daar staan ek binne terwyl hulle kalm wegstap met my hele lewe terwyl die trein vertrek!

Ek sit vinger alleen in die kompartement en lek my wonde. Geen treinkaartjie, geen paspoort, geen identiteitsdokument, geen vliegtuigkaartjie om huis toe te gaan nie, geen kredietkaart, geen kontant geld en daar is niks wat ek kan doen nie. Ek bewe...

"Mijnheer, waarom ziet uw so bedruk uit?"

Na 'n ruk kom die kondukteur verby om my kaartjie te knip. Dit is 'n redelik gesette dame wat min of meer dieselfde postuur het as ons hedendaagse susters in die Polisie. Ek staan op om my probleme aan haar te verduidelik, maar sy is baie skerp en voor sy die kaartjie opvra, vra sy: "Mijnheer, waarom ziet uw so bedruk uit?"

Ek sê: "Ek het nou 'n "Ma" nodig!"

Sy gee 'n tree na my toe, slaan sy haar stewige arms om my bolyf en gee my 'n omhelsing soos net 'n swartbeer dit kan doen.

Sy sê: "Wat is dan de zaak?"

Ek verduidelik wat gebeur het en sy sê onmiddellik dat dit wat my oorgekom het, is die *modus operandi* van "Tunisiërs" om mense te besteel, maar hulle is bekend aan die polisie en dat ek my nie verder oor die treinkaartjie hoef te bekommer nie. Sy skryf 'n nuwe kaartjie uit en sê dat ek 'n verklaring by die polisie op die stasie by Aachen op die grens tussen Nederland en Duitsland moet maak.

Op Aachen word ek afgelaai en kan 'n uur later die volgende trein na my bestemming haal. Die kondukteur tannie stap saam met my na die polisiekantoor, hoofsaaklik om seker te maak dat ek die verklaring doen en laat wragtie die trein staan tot sy weer opgeklim het.

...en stel voor om baie stadig Afrikaans te praat "met 'n Hollandse aksent".

Hierna moet ek en die polisieman ooreenkom oor die taal waarin ek die verklaring gaan doen.

Ek sê dat ek Afrikaans, Duits en Engels kan praat. Hy sê dat hy geen van die genoemde tale kan/wil praat nie.

Ek sê dat Afrikaans baie soos Hollands is en stel voor om baie stadig Afrikaans te praat "met 'n Hollandse aksent". Die polisieman is baie insiklik en hy staan reg om te skryf terwyl ek "starrig" begin praat:

"Ek het in Amsterdam op de trein geklim....."

Die poliesman skryf nie wat ek sê nie, maar kyk my so skeef aan met 'n groot frons op sy voorkop en sê:

"Men **stáp** op de trein en **klim** op zijn vrouw!"

My eerste Hollandse taalles ná ons voorgeskrewe boek in standard 10 – **Ze verdrinken ons dorp** !

Die keer leer ek dat blykbaar beteken klim in Holland om seks te hê!

Piet Heyns





Giggels




**AL OOIIT GEWONDER
HOEKOM,
WANNEER 'n VROU 'n
LEER ROK DRA...**

Word 'n man se keel droog,
Sy pols begin vinniger klop,
Hy raak lam in in die knieë
En hy begin irrasioneel optree?
Die rede:
**Sy ruik soos 'n nuwe
bakkie!**

**EK HET TWEE BLINDE
OUENS GESIEN BAKLEI..**



Jy moes hulle gesigte gesien
het toe ek sê my geld is op
die een met die mes!

**DIE GROOTSTE
FOUT**
WAT MEESTE MENSE
MAAK IS OM;
half te luister, kwart te
verstaan en dubbel te vertel.

17 January 2022
9:29 pm

23 4 opmerkings 3 keer ged

Hou van Opmerking Deel

G Ollie Olwagen
18 Mei 2021 om 11:50

**Ken jou taal:
Sekstante is
instrumente wat
seevaarders op koers
hou, nie 'n ou dame
wat vir kwaadgeld
rondloop nie. Hau**

Share Favourite Edit Delete More

Forwarded

FLUISTER IN SY OOR



"Ek sal petral in jou kar gooi"

EN GEE HOM HOENDERVLEIS
9:06 am

RAY THERON skryf nou al vir baie jare vir Kammanuus daar uit Gatkantland uit. Hy vertel vir ons hoe dinge vergelyk tussen ons twee lande se gewoontes en sommer ook die algemene opvattinge.

Ray het nou besluit om die horison van sy stories so effe te verbreed en hy gaan voortaan onder 'n ander titel vir ons met sy stories behaag. Laat weet maar wat julle daarvan dink asseblief -
Hennie



Lê mos nou die nag wakker en dink. Ja, dis die dinkery wat my soms slapeloos laat, ek weet, maar dié rots rol tot hy vanself stop, dit help nie jy probeer hom stuit nie.

Ewenwel, daar lê ek. Vroulief haal diep asem, die honde snork saggies en buite die oop venster biggel die sterre helder, amper soos ek hulle bo-op Aasvoëlkop buite Villiersdorp gesien het, al die duisende nagte gelede.

Dink ek aan al die plekke waar ek al nagte deurgebring het. Die lys is ellelank, want hy trek baie, baie ver terug. Vóór ek selfs vir die eerste keer my jis op 'n skoolbank geplaas het, het ek al op ses plekke gewoon. En dit sluit nie vakansieplekke soos die Predikant se Gat by Palmiet, of my ouma se huis in Grabouw in nie. My pa se werk het hom dikwels en landwyd laat verhuis. Soveel so dat ek in my twaalf jaar op skool twaalf verskillende skole bygewoon het!

Ná skool was daar ook 'n amperse atlas vol plekke, van Heidelberg in die ou Transvaal tot in die Wes-Kaap, en by name Kaapstad, Stellenbosch, Somerset-Wes en die Strand (kuiersplekke weer buite rekening gelaat). En elke plek het sy eie stories, sy eie plesiere en verdriete, maar dit nou daar gelaat. Toe, land-uit, en weer nuwe plekke soos Ponta Delgada en Pópulo op die eiland São Miguel in die Asore, Yaizu-stad en Okabe in die Shizuoka Prefektuur, Japan; soos Melbourne en nou die verre buitewyke van Sydney hier aan die dingskant van die wêreld.

En al die trekkery, al die inpak en uitpak, al die halo's en totsiense, het my laat besef dat ek nie 'n burger van dié of daai land is nie. Ek mag nou 'n Australiese paspoort hê, maar Suid-Afrikaner sal ek altyd bly. Ek mag nou hier naby die magtige Nepeanrivier (dareem heelwat magtiger as die Apies soos ou Churchill hom beleef het) in die bed kruip, maar stukke – en sommer groter! – van my siel lê nog daar in die groen eilande van die Asore, op die hartkrimp-mooie vlaktes van die Karoo, Groot en Klein, in die koesterholte van Tafelberg, en in die woude en valleie van Japan se Suidelike Alpe.

Dis dié dat ek besluit het om Boemerangboertjie te ruste te lê. Hy en sy stories het hul tyd gehad, maar nou is dit tyd dat die ouballie met die Sewe Vastelande sandale 'n kans kry om staaltjies en verhaaltjies van hier, daar en oral op te dis. Ek hoop julle gee hom 'n praatkansie of twee.


So saam met die gedinkery daar in die skraal ure van die nag, onthou ek ook mense wat diep spore in my lewe gelaat het. Vergun my om 'n paar van hulle aan julle voor te stel.

'n Man wat my aangemoedig het om Afrikaans, my moedertaal, te gebruik om diep dinge te sê, was my Afrikaansonderwyser in standerds nege en tien aan die Hoërskool De Villiers Graaff in Villiersdorp. Daan du Toit se bynaam was Kelly, glo omdat hy kinders aan die "Kelly Tyres Are Tough" advertensies herinner het. 'n Man met 'n humeur korter as sy short back and sides haarstyl, maar met 'n grenslose liefde vir Afrikaans. Hy het my opstelle gelees en altyd net opbouende kritiek gelever. Dis hy wat eendag vir my gesê het ek sal eers werklik uit die siel uit kan skryf as ek die dag verlief raak. Dit (die verliefraak) gebeur toe kort daarna, en Kelly het dit dadelik aan my geskryf gemerk. "Nou skryf jy mos, man!" het hy gesê en my skouer 'n ferm druk gegee.

Verbonde aan dieselfde skool was my Duitsonderwyser in Matriek. Johann van Vuuren het raakgesien dat Duits 'n vuur in my gees aangesteek het, en hy het die vlammetjie aangeblaas deur my van sy persoonlike boekewersameling te leen. Schiller en Goethe, veral. En hy het altyd 'n tydjie ingeruim om te luister wat ek van dié ou grotes geleer het. Dankie, Vonk!

Van letterkunde gepraat: prof. CJD Harvey aan Maties se Dept. Engels het ook veral Engelse poësie se uitgestrekte landskap van wonder vir my begaanbaar gemaak, soos Riëtte Buhr my aan die hand die wêreld van Nederlandse en Afrikaanse digkuns ingeneem het.

Dit is veral aan hierdie vier te danke dat ek vandag nog met genot skryf, en dis glad nie hul skuld dat ek nooit gepubliseer het nie!



**Kla nooit op
Fakebook, maar
regtig. Plaaslike
supermark kan darem
iets doen aan hulle
trollies se
wielsporing. Ek is nog
oppad na die suiker
dan eindig ek op by
die wyn.**

9:42 am



**Hulle sê jy moet oefen om
energie te kry, maar jy
het energie nodig om te
oefen!**



**Klink darem baie na 'n
piramiede skema vir my**

Spreekkamer- Stories.


Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe



'n Oorgewig jong man word aangeraai om gholf te speel.
Na 'n week is hy terug by die dokter:

“Ek het opgehou, dok. Gholf is nie vir my nie. As ek die bal sit waar ek dit kan sien, kan ek dit nie slaan nie, en as ek dit sit waar ek dit kan slaan, kan ek dit nie sien nie.”



Senior burger: “Dokter, dink u ek gaan nog twintig jaar lank lewe?”

Dokter: “Drink u?”

Pasiënt: “Nee.”

Dokter: “Rook u?”

Pasiënt: “Nooit.”

Dokter: “Is u seksueel aktief?”

Pasiënt: “O nee, dokter!”

Dokter: “Nou vir wat wil u nog twintig jaar lank lewe?”



Ek dink nou so aan Langenhoven se "Sonde met die Bure." Een van my heel eerste kennismakings met bure vandat ons wortel begin skiet het op Langebaan was aanvanklik vir my alles behalwe amusant. Toe begin dit krap en uiteindelik moes ek eenvoudig net as't ware "oorlog verklaar".

Ek verstaan heeltemal dat mens in harmonie met jou bure moet leef maar 'n Bosduif buurman is 'n ware toets vir enigeen se lankmoedigheid. Hy is 'n ander gevoel, dié meneer. Ongeskik verby! Daar lê die wye oseaan vir hom om sy draai te loop of dan te vlieg, maar nee... Hy maak hom tuis bo jou dek en teiken jou patiomeubels. Sy ammunisie is als behalwe gestol as hy sy lugaanvalle loods.

Handeklap en "voert" skree as jy sien hy begin vir 'n skoot aanlê, help nie. Hy kyk jou net aan met daardie parmantige knik-knik houding van hom.

Toe volg die rubber slange en hy koggellag vir my

As deel van my teenaanval strategie het ek so n deurskynende plastiek valk gekoop wat in die wind draai en hom glo afskrik. Vergeet maar. My buurman gaan sit langs daai valk en hop net effens opsy as die wind die ding langs hom begin draai.

Daardie driehoekige spieëltjies wat lig weerkaats en flits? Nee wat... hy gaan sit voor daai spieël om sy pragtige groen-pers veredos te bewonder! Toe volg die rubber slange en hy koggellag vir my terwyl hy sommer vir hulle ook, net om sy minagting te toon, met 'n paar los patrone bykom.

Daai koer-koer van hom kan mens vroegmôre romanties-rustig stem maar laat ek jou nou vertel: Hy kan ook maar lekker skel uitlagkoggelkoer daardie rooioog, kamakazi geveerte.

Toe koop ek twee afskrik uile. Sulke nagemaakte uilpoppe. Bosdwiwe is mos vrekbang vir n uil. Nie Buurman nie! Hy gaan sit bo-op die uil terwyl hy so 'n kolskoot reg teen my dekstoelkussing plaas en op die koop toe sommer nog een bo-op die uil homself.

Ek staan met die tuinslang in die een hand, lap en emmer in die ander om die dek en meubels vir die soveelste keer af te was. Terwyl ek nog so vee, is buurman gereed op sy balk en trap-trap hy so van die een been na die ander soos hy visier begin instel.

Maar ek spring hom dié keer voor. Hy begin nog sy patrone vir die skoot laai, toe spuit ek so 'n straal met die tuinslang in sy rigting, nagenoeg om as waarskuwingskoot te dien en wonder bo wonder...daar trek hy!



Lekker verontwaardig maar hopelik die boodskap gekry. My dek dien nie as ablusiefasiliteit vir die bure nie.

Maar so met die geskarrel die blou seelug in, skelkoer hy nog vir oulaas oor sy skouer soos wafferse 'terminator': "I'll be back..."

Alles weer vir die hoeveelste keer mooi skoongewas en nou uiteindelik vir net op die dek ontspan met n heerlike glasie rooiwyn en die sonsondergang wat op my wag.

Skaars my glas gelig of ek hoor skielik weer daardie, nou baie bekende, "Honey I'm home!"- kropkoer.

Sy korrel is effens uit en hy mis die stoel..

Daar sluip hy weer stil-stil op my af en betrap my onverhoeds. Dié keer het hy egter deeglik ammunisie bymekaargemaak en vuur hy sommer die hele arsenaal op een slag af. Sy korrel is effens uit en hy mis die stoel waarop ek my gemaklik gemaak het maar tref my skouer met die volle lading terwyl ek opvloog en my glas oor die dek leeg stort.

Buurman gee net so 'n parmantige, selfvoldane koer-koer en rig hom gemaklik in vir die nag se rus op SY balk bo MY dek.

Goed dan. Ek gee bes. Hy wen en ek sal maar moet leer om ook met hierdie geliefde buurman van my saam te leef.

Dit is wat dit is, of hoe?

Johan

KAMMAWÊRELD No 7

'n Biorekenaar: Die Sagteware agter die Sluier

deur Maryna Blomerus



Dit is nie net die fisiese natuur wat deur 'wette' gereguleer word nie; lewe self word gekenmerk deur kodes. Elke lewende sel bevat deoksiribonukleïensuur (DNA), 'n komplekse molekule wat inligting bevat vir die bou en instandhouding van 'n organisme.

Een van die wonders van die natuur is embryogenese: die transformasie van 'n enkele bevrugte eiersel in 'n embrio wat uiteindelik 'n volledig-gevormde organisme word. Bioloë vertel ons dat DNS die 'sagteware van die lewe' is, dat dit inligting bevat en 'monteringsinstruksies', 'n 'genetiese kode' of 'genetiese bloudruk' berg. Maar wat is biologiese inligting?


Die genetiese inligting van 'n organisme word in DNA-molekules geberg. Dit weet almal nou. Maar hoe kan een soort molekule al die instruksies bevat om ingewikkelde lewe soos 'n mens te maak? Watter komponent of kenmerk van DNA kan hierdie inligting bevat? Daar is slegs vier basisse in DNA: G, A, C en T. Die volgorde van hierdie vier basisse kan al die instruksies verskaf wat nodig is om 'n lewende organisme te bou. Dis moeilik om te glo dat net 4 'letters' soveel inligting kan kommunikeer. Maar dink aan die alfabet en hoeveel woorde deur slegs 26 letters gevorm kan word. Dink aan die binêre kode wat gebruik word om rekenaarprogramme te skryf - dit gebruik slegs ene en nulle om alles te doen wat 'n rekenaar doen.

Die DNA-alfabet kan baie ingewikkelde instruksies met slegs vier letters kodeer, alhoewel die boodskappe baie lank is. Die E. coli-bakterie dra byvoorbeeld sy genetiese instruksies in 'n DNA-molekule wat meer as vyf miljoen nukleotiede bevat. Die menslike genoom bestaan uit ongeveer drie biljoen nukleotiede wat verdeel is tussen 23 gepaarde DNA-molekules, of chromosome.

..steeds genoeg plek vir al die inligting van elke boek wat ooit geskryf is.

Die hoeveelheid inligting in menslike DNS is rofweg gelyk aan 12 stelle van *The Encyclopaedia Britannica* - 'n ongelooflike 384 volumes. Tog, in hul werklike grootte (slegs twee miljoenstes van 'n millimeter dik) sal 'n teelepel vol DNS, volgens die molekulêre bioloog, Michael Denton, al die inligting bevat wat nodig is om die proteïene van al die spesies van organismes te bou wat die aarde al ooit bewoon het, en sal daar steeds genoeg plek wees vir al die inligting van elke boek wat ooit geskryf is. Watter kode kan soveel inligting so kompakter en hierdie enorme aantal 'letters' in hul korrekte volgordes plaas om as genetiese handleiding te dien?

Behalwe vir die genetiese kode is die enigste kodes wat as ware tale beskryf kan word, van menslike oorsprong. Dit sluit in kunsmatige tale soos rekenaar- en Morse kodes.



Geen ander kommunikasiesistelsel waarvan ons weet, besit die basiese eienskappe van 'n taal nie. Bill Gates het opgemerk dat DNS soos 'n sagteware program is, net baie meer kompleks as enigiets wat ons ooit bedink het.

Dit word algemeen geglo dat, om in besit te wees van die volledige volgorde van die menslike genoom, dieselfde is as om die nodige handleiding te hê om 'n menslike liggaam te kan 'bou'.

Maar is dit so? Die Japannese blom *Paris japonica* met sy klein wit steragtige kroonblare se genoom van 150 miljard basispaarlange is vyftig keer die lengte van jou tipiese menslike 'handleiding'!

Onderskat ons die kompleksiteit van hierdie blommetjie? Of is DNA en die genoom waarin dit voorkom nie 'n handleiding nie, maar iets anders?

Die feit dat ons die genoom se volgorde kon karteer beteken nie dat ons dit verstaan nie – jy kan die letters van 'n vreemde taal uitmaak sonder om die betekenis van die teks te kan lees.

En wat van die differensiasie en spesialisasie van selle wat almal presies dieselfde genetiese materiaal bevat? As die DNA-handleiding die ganse storie was, sou enige verduideliking onmoontlik wees.

***Fiela se Kind* bevat inligting, maar die fisiese boek self...**

Dit spreek vanself dat inligting nie in dieselfde kategorie as materie en energie hoort nie. Materie en energie kan inligting dra, maar self is hulle nie daardie inligting nie. Daleen Matthee se *Fiela se Kind* bevat inligting, maar die fisiese boek self – die ink en papier – is nie die inligting nie.

Trouens, die storie kon net sowel op 'n kompakskyf geberg word as op papier. Dit kan selfs bloot in die gedagtes van die skrywer bestaan. Papier en 'n kompakskyf is net die medium om inligting oor te dra.

Die inligting is onafhanklik van die fisiese medium. Dieselfde beginsel geld vir die genetiese kode. Die DNS-molekule dra die genetiese kode (of taal), maar die kode self is onafhanklik van sy draer. Dieselfde genetiese inligting kan in 'n boek geskryf word, op 'n kompakskyf geberg word of oor die internet gestuur word. Die integriteit van die inhoud word nie geraak nie. Wat is die oorsprong van die DNS-handleiding? Ons kan vasstel hoe 'n sel sy genetiese inligting stoor en gebruik, maar waar kom daardie inligting vandaan?

Meer hieroor in die volgende uitgawe van Kammanuus!

LUIHEID IS SO N LELIKE WOORD..



EK VERKIES EERDER

SELEKTIEWE DEELNAME

AGTEROS: NET VOOR UITSPANTYD**SKULDIG OF ONSKULDIG!**

Ek huur myself nou nie eintlik uit vir 'n man wat wins loop staan en maak uit 'n ander ou se goeie stories nie. Daarom gaan ek hierdie een verkoop teen dieselfde prys waarvoor ek dit destyds gekry het – rand-doller wisselkoers, goudprys, olieprys en inflasiekoers te spyt.



Oom Andries Schreuder, toentertyd praktiserende prokureur by Schreuder en Schreuder in Springbok, het hierdie een vertel. Hier in die vroeg 70's. Julle kan hom kontak as julle wil – net om seker te maak ek het nie 'n skelm pond vleis weggedra nie.

Kan ook nie die storie met dieselfde kleur en geur as Oom Andries opdis nie. Daarom gooi ek maar so hier en daar my eie skeut sout, peper en borrie by!

So weet oom Andries te staan en vertel dat 'n goeie prokureursvriend van hom in Bellville [Het nog nie daai tyd besef prokureurs is nie in staat om vriende te hê nie, laat staan nog goeie vriende!] dïe een vir hom vertel het. Sien, dis nie eens 'n tweedehandse storie hierdie nie – so kan niemand my of Oom Andries verwyt dat ons die skeppers van 'n groot liegtery is nie. As hy iets bygelieg het, dan's ek ook skuldig!

Wou nog nooit saam met 'n spul prokureurs om die kampvuur sit nie. Glo mos

aan die gesegde “As jy met die honde gaan slaap, moet jy nie kla as jy vol vlooi opstaan nie” Maar wag, ek staan en wyk nou beledigend af. Oorle Langenhoven het nie verniet gesê “Val eerder in my sop as in my rede nie, want as jy in my sop val kan ek jou ten minste by die venster uitsmyt”

So, vertel die prokureurskepper van die storie, het daar 'n kêrel dan en wan vir hom tuinwerkies gedoen – meer wan as dan – en op 'n goeie môre daag die “tuinier” daar op. Natuurlik ongenooi en ongevraagd.

“Meneer”, val hy met die vork in die tuin, “meneer, vandag moet meneer my help. 'n Groot calamity het my gestrike meneer. Sien, ek moet vanoggend in die koort gaan staan vir 'n traffick violation. Meneer moet my kom defend 'seblief meneer”

“Gaan hof toe en hou jou net baie dom”

En so verloop die konsultasie toe verder:

“En hoe en waarmee dink jy nogal gaan jy my betaal?”

“Nei, meneer sien, ek gan 'n hele klomp Saterdag vinnig in die tyn kom wêk”

“Jy skuld my in elk geval al amper twee jaar se verniet tuinwerk met al die dae wat jy weggebly het. Daar's nie 'n manier wat ek vir hierdie een gaan val nie. En, buitendien, ek het al klaar ander sake wat ek vandag moet doen. Daar's nie 'n kans dat ek nog 'n saak kan byneem nie” [Klink amper te goed om waar te wees – 'n prokureur wat wegstam van “double bookings” – wat jy wáár gaan kry?]

“En nou meneer, wat suggest meneer moet ek nou doen”

Gratis en verniet advies. “Gaan hof toe en hou jou net baie dom”

“Dink meneer dit gaan wêk?”

“Wel, dit werk soms vir my!”

So's onse broer daar weg hof toe. Gewapen met goeie regsadvies. So val dit die raadsman later by van hierdie saak en, aangesien hy toevallig by die Bellville hof is, gaan maak hy 'n draai by die verkeershof. Net betyds om te sien hoe sy tuinkliënt se saak opgeroep word.

Nou moet ek myself eers weer in die rede val. Julle ouens wat julle grondwetlike reg ontnem is om ooit in daai hof te verskyn, moet eers 'n bietjie georiënteer word. Manne wat in hegtenis verskyn, kom onder uit die "gat" uit. Trappe op. Opslag voor die oordeelstroom. Ander onbenadeeldes, voorheen of andersins, kom van buite af.

Nou't een of ander slim kabinetmaker in diens van die goewerment besluit om beskuldigdebanke met deurtjies te ontwerp. Die rede daarvoor was, volgens my inligting, nooit deur die betrokke minister bevraagteken nie. Goeie ou dae van absolute ondeursigtigheid. [Julle moet onthou, ek verkoop die storie in moderne idioom. Mag maar bylas sonder om die storielyn te buig. Winsloos soos 'n Artikel 21 maatskappy!]

So kom onse vriend die hof binne. Loop paar keer om die beskuldigdebank. Deur is toe. G'n niks inkomplek nie. Klim sommer bo-oor die "box" se kant. Gatkant na die magistraat. Staar oor die openbare galery heen met sulke glaserige oë soos koshuisaartappels. Dom.

Help die hofsersant onse vriend reg. Draai hom om. Kyk hy nou die magistraat vierkantig in die oë. Bul teen bul.

Staan die staatsaanklaer op. "Die klagte teen u is dat u op die 22ste Februarie 1970" – toegegee, hierdie stukkie, asook die plek waar hy die traffick reëls sou geviolat het, het Oom Andries nie vertel nie, dis 'n maaksel van my eie verbeelding, maar buig nog niks aan die storielyn nie – "op Voortrekkerweg 'n verkeerslig verontagsaam het. Hoe pleit u op die klagte. 'Skuldig' of 'Onskuldig'"

Pleit onse vrind: "Skillig of Onskillig meneer"

Aanklaer moedeloos. Herhaal die aanklag. "Meneer u moet net sê 'Skuldig' of 'Onskuldig'" probeer hy weer.

"Maar meneer, ek sê mos hoeka net 'Skillig' of 'Onskillig'"

Magistraat gryp in. Verduidelik weer mooi die aanklag. "Meneer, u moet net sê of u skuldig is of onskuldig" probeer sy Edelaagbare.

"Maar meneer, dis mos hoekom ek vandag hie innie hof is. Solat meneer kan sê of ek skillig of onskillig is" Skaakmat.

..Hangsnor soos 'n Springbok coach. Moerse blink ster op die bors..

Onkreukbare magistraat. Staan die prokureurlose beskuldigde by. Notuleer pleit van onskuldig. Staat moet getuie aan bied.

Roep aanklaer die verkeersman. Helmet onder die arm, donkerbril hang by hemsak uit. Hangsnor soos 'n Springbok coach. Moerse blink ster op die bors. Groot genoeg om die Wyse Manne van weleer na die stal toe te lei.

Vertel dramatiese en in detail hoe die beskuldigde met 'n afleweringsfiets blatant 'n rooi verkeerslig geïgnoreer en amper die verkeer van Tamboerskloof tot Tierkloof ontwig het. Selfvondaan.

"Enige vrae om aan hierdie getuie te stel?" vra die regverdige regter.

"Wie, ek meneer?" vra onse vrind.

"Ja, u meneer" help die magistraat.

"Nei, meneer. Ek hettie vrae virrie officer nie meneer"

"Saak vir die Staat Edelaagbare" kondig die aanklaer aan. Oorwinning blink in sy oë. Soos 'n laaitie met 'n wen-ghoen in albastertyd.

Kry onse vriend nou kans vir sy eie oomblik van glorie. Kan nou sy kant van die saak stel. Wil self in die sweerboks gaan praat. Getuig onder eed.

“Meneer sien”, beginne hy, “daai einste dag ry ek met ‘n deliverybike in die straat af. Meneer ken mos van ‘n deliverybike. Daai een met die groot wiel agter en die twee klein wielietjies voor. Met die groot blikboks. Vol leë empties en scrapmetal. Meneer weet mos hoe swaar trap en brik so ‘n deliverybicycle. As daai ding eers momentum het, het hy plenty gravity, meneer weet mos”

“Soe kom ek mos na daai robot toe aan, meneer sien. Daai lig was orange meneer, ek sweer meneer. Daai lig wassie rooi nie. Toe ek aankom was daai lig heller orange, maar rooi, nog nooitie meneer.”

“In die lat ek oor daai lig ry, meneer, toe spring daai meneer” – draai verontwaardig om en wys die spietkop aan die Hof uit – “toe spring daai meneer reg voor my innie pad in. Meneer moet met hom praat meneer, een vannie dae gaan die karre hom nog moertoe trap meneer!”

“Anyway meneer, toe spring hy in die pad in meneer. Maybe daai tyd hettie lig gechange meneer. Ek wetie, want ek concentrate op hierie disaster innie pad, meneer. Toe issue hy vir my ‘n tikket meneer en dis oor daai tikket lat ek mos nou vandag hier voor meneer staan”

Ontleed en evalueer die magistraat die getuienis. Gee uitspraak in ‘n taal wat g’n bicycle drywer kan verstaan nie. Ek wonder nog steeds waarom die howe se spreektaal nou nog nie as ‘n twaalfde amptelike taal erken word nie! Mens het wragtag ampers ‘n tolk nodig om die Edelagbares te verstaan.

In elk geval, “En daarom word die beskuldigde op die ten laste gelegde aanklag skuldig bevind” drawend die Hof hoog voort in ‘n “finale konklusie”.

Ek is nie hier om magistrate se albasters blink te vryf nie.

Straftyd. Soos enige goeie magistraat betaam word die bedremmelde bicycleryer se regte voor vonnisoplegging verduidelik. Letterknegtelik verbind aan sy instruksies volhard onse vrind in sy domheid

“Nei, meneer, ek hettie iets te sê oor straffie meneer”

Ek is nie hier om magistrate se albasters blink te vryf nie. Ek vertel net die storie, maar kom ons gee die Edelagbare eer. Dalk het hy alreeds iewers in die verlede die posisie oneer aangedoen soos oorle Langenhoven op ‘n tyd gesê het. Soos ‘n goeie magistraat betaam staan hy weer die eensame, prokureurlose beskuldigde by. Magistrate wat hierdie storie lees, sal weet wat ek bedoel. Vir die ander oningeligte traffick violators, ‘n kort verduideliking. Sulke tye moet die magistraat vrae vra om genoeg agtergrond inligting te kry om oor ‘n vonnis te besluit. Gewoonlik trek hulle weg met vrae om bietjie persoonlike agtergrond te kry. Onse Edelagbare volg hierdie goue reël.

“Werk u meneer?” Net om te toets of ons vrind perdalks ‘n boete sal kan betaal.

“Nei meneer, hoekom vra meneer, het meneer dalk ‘n casual joppie vir my?”

“Waar kom u vandaan?”

“Wie, ek meneer?”

“Ja, u meneer. Waar kom u oorspronklik vandaan?”

“Ek kom ytie Mosselbaai se wêreld yt meneer. Hoekom vra meneer. Ken meneer dan mense daar in Mosselbaai?”

Selfs magistrate mag hulleself so nou en dan die luukse van ‘n bondige vonnisuitspraak aanmatig.

“Gewaarsku en ontslaan” kom die oordeel.

Daai stukkie van “Die Hof sal verdaag en laat net een donner lag” fladder waardig saam met die magistraat en sy wapperende togapunte by die deur uit.